Wat ons vóór alles te doen staat is ons te vereenigen in een vurige smeeking tot den Heere, dat Hij onder ons krachtig werke door Zijn Geest, opdat alle zonden worden afgebroken door gerechtigheid, en de waarheid en de vrede onder ons bewaard blijven. Daarbij verwacht de Synode, dat gij vooral in deze weken, welke voorafgaan aan het afloopen van den schorsingstermijn aan Prof. Schilder gesteld, onzen God zult aanroepen om den grooten nood van ons kerkelijk leven aan Hem op te dragen, om U in diepe verootmoediging voor Hem neer te buigen, en Hem te smeeken, dat Hij de tuchtoefening over Prof. Schilder moge bekronen met zijn Goddelijken zegen.

Hij vereenige ons tenslotte allen in de gemeenschappelijke bede: doorgrond ons, o God en ken ons hart; beproef ons en ken onze gedachten. En zie, of er bij ons een schadelijke weg is en leid ons op den eeuwigen weg (Psalm 139 : 23,24).

Met broedergroeten, namens de Synode:

Het moderamen:

Prof. Dr G. C. BERKOUWER, praeses.
Ds W. L. MILO, assessor.
Dr J. HOEK, scriba.
Dr E. D. KRAAN, scriba.

N.B. Het is de bedoeling der Synode, dat U bovenstaand schrijven **van den kansel doet voorlezen** op den eerstvolgenden Zondag.

HET MODERAMEN.

Utrecht, 5 Juni 1944.

Tegenwoordig heet — ondanks die publieke gebeden — zelfs die „getuchtigde": „waarde broeder". Denkt men dat wij geen memorie hebben? En óók „kerkje spelen"?

PERSSCHOUW

De z.g. oecumenische „synode", VII (Slot).

II. — MATERIËLE ASPEKTE VAN HIERDIE VRAAGPUNT.

(Vgl. offisiële agenda III, A, B, en C.)

In verband met vraag A: „Gravamen is ingedien teen die beslissing van die sinode van 1905, sub 4. Die sinode het geoordeel dat die beslissinge in ooreenstemming met Skrif en Belydenis is. Was hierdie beslissing reg?" wens hierdie sinode die volgende historiese feite in herinnering te bring:

(a) Die Chr. Geref. Kerk van Amerika het die konklusies van Utrecht, 1905, geratifiseer in sy besluite van 1908.

(b) Nooit is enige Skriftuurlike besware aan die adres van die sinode gerig teen punt 4 nie.

(c) Die Suid-Afrikaanse kerke het nooit die besluite van 1905 offisieel aangeneem nie.

Die sinode sal aan die Geref. Kerke in Nederland meld dat dit nie 'n antwoord op hierdie vraag kan gee nie, omdat die nodige tyd ontbreek om genoegsaam kennis te neem van die gravamen wat by die sinode in Nederland ingedien is en van die rapporte waartoe hierdie gravamen aanleiding gegee het. Verder meen die sinode dat hy hom moet beperk tot die formulering van 'n oordeel met betrekking tot die verklaring van die sinode van 1946, sonder om op die konkrete moeilikhede van die Geref. Kerke in die Nederlande in te gaan, sodat die konklusies van Utrecht soveel moontlik in die agtergrond gelaat moet word, veral waar hulle vervang is deur die verklaring van 1946.

In verband met vraag B: „Selfs as dit nie reg was nie, sou dit 'n skeuring in die kerk regverdig?" antwoord die sinode:

Die sinode sal die Geref. Kerke in die Nederlande informeer dat, volgens sy oordeel, as iemand oortuig is dat 'n sinode 'n ongeregverdigde leerstellige uitspraak doen, hy nie geregverdig is om 'n skeuring te bewerk nie, tensy hy alle moontlikhede uitgeput het waarvoor die Kerkorde voorsiening maak om 'n hersiening te verkry en die kerk volhard in die handhawing van sy posisie, in stryd met die oortuiging van die beswaarde aangaande die waarheid.

In verband met vraag III: „Wat is ons waardering van die verklaring van 1946?" is op voordrag van kommissie II besluit om 'n spesiale kommissie te benoem om die genoemde verklaring te bestudeer. Hierdie kommissie het bestaan uit: dr P. J. S. de Klerk (voors.), dr H. G. Stoker, prof. D. H. Kromminga, dr J. T. Hoogstra, dr L. Flokstra en prof. L. Berkhof, met drs W. Rutgers en S. Volbeda as adviseurs. Hierdie kommissie het gerapporteer:

Die kommissie beveel aan dat die „Verklaring van 1946" ontvang word vir informasie en dat dit ingesluit word in die bylaes by die Handelinge van die sinode.

Hierdie verklaring het vier inleidende opmerkinge, wat die geskiedkundige situasie aandui wat tot die opstelling van die verklaring gelei het. Die kommissie het gevoel dat dit geen mandaat ontvang het om belang te stel in die historiese inkleding waarin die verklaring tot ons gekom het nie. Die tweede deel bestaan uit ses paragrawe. Hiervan bevat alleen die vierde die materiaal wat ons moes ondersoek.

Ons rapport kon elkeen van die vyf sub-paragrawe onder hoof-paragraaf 4 afsonderlik neem. Dit sou egter oortollige werk wees. Laat dit voldoende wees as u kommissie verklaar dat dit uitvoerig op die besonderhede van hierdie paragraaf ingegaan het en bewus van die betekenis van sy aanbeveling, met geduld die arbeid verrig het. Verder het dit, na 'n onafhanklike studie van sy eie, die Nederlandse afvaardiging geraadpleeg en die nodige toeligting ontvang.

U kommissie is eenstemmig **dat die „Verklaring van 1946" in ooreenstemming is met Skrif en Konfessies.** Ons beveel aan dat die sinode hierdie oordeel sy eie maak.

Die sinode het hierdie rapport aanvaar.

(N.B. — Een lid van die sinode, dr H. Kuiper, het nie aan die besprekinge en besluite in verband met die Nederlandse moeilikhede deelgeneem nie, aangesien hy volgens sy verklaring oortuig was dat die sinode van die Chr. Geref. Kerk, 1946, nie begeeg het dat sy deputate na die ekumeniese sinode hieraan sou deelneem nie.)

(Noot: U deputate wil ter voorkoming van misverstand daarop wys dat die besluit van die sinode geen uitspraak doen oor die vraag of so 'n verklaring as dié van 1946 nodig en wenslik was nie, ook nie oor die vraag of daar nie 'n beter verklaring gemaak kan word nie. Die sinode het eenvoudig verklaar dat die aan hom voorgelegde stuk in ooreenstemming met Skrif en Belydenis is.)

Die genoeme verklaring van 1946 lui as volg:—

„VERKLARING VAN 1946".
(Opgestel deur die sinode van die Geref. Kerke in Nederland).

Op grond van de Heilige Schrift en van de Belijdenis der Kerk spreekt de Synode uit:

(De tekst is aan onze lezers bekend. Red. Ref.).

III. — KERKLIKE MOEILIKHEDE IN DIE NEDERLANDE.

Die sinode het besluit dat die afgevaardigdes van Nederland gevra sal word om hierdie saak eers voor die volle sinode toe te lig, aangesien geen genoegsame toeligting nog ontvang is nie. Daarna sal kommissie II op die hele saak ingaan (art. 24).

Dr Berkouwer het hierop 'n kort oorsig gegee oor die belangrikste gebeurtenisse in die Geref. Kerke van Nederland gedurende die laaste tiental jare. Die generale sinode van 1936 het 'n kommissie benoem om verskillende leergeskille te bestudeer. Tot bevrediging van baie is eenparig sekere konklusies bereik in 1942. In dieselfde jaar is egter beswaarskrifte ingedien teen die konklusies van Utrecht, 1905. Die sinode het hierdie beswaarskrifte nie gehandhaaf nie, maar verklaar dat die konklusies in ooreenstemming met Skrif en Belydenis is. Dit het ook verklaar dat die konklusies bindend is vir almal wat betrokke is. Dit het ten slotte gelei tot die afsetting van prof. K. Schilder. Die sinode het tot hierdie finale stap gekom in belang van die goeie orde in die kerk van Jesus Christus. Die sinode van Utrecht, 1946, het 'n nuwe formulering gegee van die konklusies van 1905. Die Chr. Geref. Kerk in Amerika is nie geraadpleeg nie, nie omdat die sinode nie die noodsaaklikheid van sodanige raadpleging gevoel het nie, maar vanweë die groot drang van die situasie.

(Noot: Dat die Chr. Geref. Kerk van Noord-Amerika hier spesiaal genoem word, vind sy oorsaak waarskynlik hierin dat hierdie kerk sy offisiële goedkeuring aan die konklusies van 1905 geheg het.) (Art. 26)

Op voordrag van kommissie II het die sinode hierop besluit:

I. — FORMELE ASPEKTE VAN HIERDIE VRAAGPUNT.

Die sinode verklaar dat hy wel die gesag besit om die saak van die kerklike moeilikhede in die Nederlande op te neem, aangesien —

1. Die sinodekerke wat lede is van die ekumeniese sinode desgevraagd mag help in hul moeilikhede, 'n beginsel wat reeds beliggaam is in die beginsels van die Geref. Kerke van die Nederlande en wat die Chr. Geref. Kerk neergelê het in interkerklike korrespondensie.

2. Geen hersiening (review) van konkrete dissiplinêre gevalle word van ons verlang nie.

3. Die sinode moet 'n vergadering wees waarheen leerstellige appèlle geadresseer kan word.

D. — SAKE WAT NIE OP DIE OORSPRONKLIKE AGENDA VOORKOM NIE.

1. Br. Richard Postma, voorsitter van die Federasie van Geref. Jongmanneverenigingе in Amerika, het die groete van hierdie organisasie oorgebring en die lede uitgenooi na hul massavergadering in die stadsaal van Grand Rapids. Hier was ongeveer drieduisend mense byeen en by dié geleentheid het prof. Stoker die groete van die Jongeliedeverenigings en Calv. studente-organisasies in Suid-Afrika oorgebring, terwyl die drie dele van „Koers in die Krisis" aan die organisasie deur hom namens die F.C.S.V. as geskenk aangebied is.

2. Die sinode het besluit om 'n kabel te stuur aan die sinode van die Geref. Kerke van Nederland, gelyktydig in sitting byeen te Zwolle. Hierop is die volgende as antwoord ontvang: Die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland bedank u hartlik vir u groete en seënwense en wens die Internasionale sinode van Geref. Kerke, vergader in Grand Rapids, van harte die seën van God en die lig van die Heilige Gees op sy werk toe. Munnik, praeses, Van der Woude, scriba.

3. Dr J. Hoek het die sinode gevra of iets gedoen kan word vir die kerke in die graafskap Bentheim en Oost-Friesland wat deur die outoriteite in die besettingsgebied nie toegelaat word om afgevaardigdes na die Generale Sinode van die Geref. Kerke te stuur nie. Die sinode het hierdie saak na die moderamen verwys vir advies. Die moderamen het 'n brief gerig aan die verteenwoordiger van Grand Rapids in die Kongres (Parlement), agb. Bartel J. Jonkman, en gevra of hy miskien enige hulp in hierdie verband kan bied. Die sinode het sy goedkeuring aan hierdie brief geheg.

E. — AFSLUITING.

Ná die gebruiklike bedankinge het die eerw. voorsitter met 'n indrukwekkende rede afgesluit.

F. — TERUGBLIK DEUR U DEPUTATE.

Die afvaardiging na die eerste Geref. ekumeniese sinode was vir ons kerk 'n groot onderneming. Ons werkkragte is min en die internasionale toestand was nog ver van normaal by ons vertrek. Ons voel egter oortuig dat 'n groot saak aangevoor is. Hierdie nuwe weë wat vir ons geopen is, sal ongetwyfeld van verreikende betekenis wees vir ons kerke in die toekoms. Die kontak met broeders uit verskillende wêreldDele beteken ontsaglik veel. Met reg kan ons nou verwag dat belangrike sake in die toekoms na ekumeniese sinodes verwys sal word, voordat die nasionale sinodes beslis. Al die magte van die ongeloof is internasionaal georganiseer en in sy stryd sal die kerk van Christus nie tot nasionale grense beperk kan bly nie.

Daar is met moeilike vraagstukke geworstel, en ons kan getuig dat lig ontvang is op menige punt. Ons hoop dat die eerw. sinode instemming met die besluite sal kan betuig. Die eenheid ten opsigte van die groot en belangrike leerstukke was hartversterkend. Mag die Here sy seën gebied op wat in swakheid, maar onder biddende opsien tot Hom, verrig is, en mag die volgende ekumeniese sinode D.V. meer omvattend wees sonder verwatering van ons dierbare geloofsbelydenis, maar inteendeel met kragtige hervorming as resultaat, terwyl ook die heerlike eenheid van die liggaam van Christus gesmaak word, al is dit dan nie in volkomenheid nie.

U deputate wens u te bedank vir hul vererende opdrag, waarvan hulle langs hierdie weg verantwoording gedoen het.

Met die meeste hoogagting en seënbede op u gewigtige arbeid.

U broeders in Christus,

P. J. S. DE KLERK.
H. G. STOKER.
S. DU TOIT.

KERKNIEUWS

GEREFORMEERDE KERKEN
(Onderhoudende Art. 31 K.O.).

Beroepen te:

Doorn-Driebergen: S. de Waard te Maassluis.
Groningen: H. Knoop te Rotterdam-Delfshaven.
IJmuiden: J. Meester te Brouwershaven.

Bedankt voor:

Eindhoven: J. F. Wijnhoud te Middelstum.

— ADRESSEN. — DEN HELDER. Het scribaat van de Geref. Kerk (art. 31) is niet meer: H. Koops, Mozartstr. 2, maar: N. Bottelier, Tuinstraat 73.

— MILDAM. Verhuisd van Katlijk 124 naar Bovenknijpe 128, Jeen Hoekstra, scriba der Geref. Kerk (art. 31) te Mildam.

— ALMANAK F.Q.I. 1947. Zooals U hebt kunnen constateeren uit de bespreking van de „Almanak 1947" door Prof. Dr K. Schilder in „De Reformatie" van 31 Mei j.l. is de almanak verschenen. Er zijn nog eenige exemplaren aanwezig. Mochten er onder U nog zijn, die een almanak wenschen te ontvangen, dan gelieve U dat z. s. m. te melden aan den pedel der Theol. Hoogeschool, Broederweg 15 te Kampen. Hij zal gaarne zorgen, dat U direct een exemplaar toegezonden wordt. De prijs is bepaald op f 7.—, wie echter kennis neemt van den inhoud zal dit bedrag er gaarne voor over hebben. Wij willen speciaal de aandacht der H.H. Predikanten ook vestigen op de exegetische studie van Prof. B. Holwerda over Amos 3 : 3—8. Dus: Wie nog gaarne een almanak wil ontvangen, schrijve spoedig.

De bestelde exemplaren zijn alle toegezonden. Voor een goede afwikkeling der administratie, willen diegenen die nog niet betaald hebben, dit daarom spoedig doen?

U zoudt daarmee de Administratie zeer verplichten.

Namens de Administratie, M. K. Drost.

— KERKINSTITUEERING TE BUITENZORG. Ook Buitenzorg is overgegaan tot institueering der Kerk.

Reeds gedurende twee en een halve maand werd elken Zondagmorgen een samenkomst gehouden, waar gezamenlijk een preek werd gelezen. Na ingewonnen advies van de Kerk van Batavia en na enkele adviezen uit Nederland werd Zondag 8 Juni met hulp en onder leiding van de Kerk van Batavia overgegaan tot verkiezing en bevestiging van 2 ouderlingen en 1 diaken. De Kerk telt thans 18 belijdende leden en 10 doopleden. Er worden iederen Zondag twee kerkdiensten gehouden om 10 en 3 uur in één van de zalen van het Klooster.

Het adres van de Kerk van Buitenzorg is: G. A. Arnold, 's Lands Plantentuin te Buitenzorg.

Alle kerkelijke periodieken worden verzocht, dit bericht over te nemen.

— HULP INZAKE KERKBOUW. De Classsis Assen onzer kerken bericht: De kerkeraadstafels worden den laatsten tijd overstroomd met verzoeken van zusterkerken, die tot kerkbouw willen komen. Ze vragen om een collecte, hetzij langs de huizen of in den eeredienst, of om een flinke gift.

Op den duur blijkt het onmogelijk, om aan al deze verzoeken, al of niet door een meerdere vergadering van een aanbeveling voorzien, te voldoen, hoe gaarne men ook een bouwsteentje zou willen bijdragen.

Om in den chaotischen toestand, die hier dreigt te ontstaan, eenige orde te scheppen en zoo mogelijk tot eenheid in de te volgen gedragslijn te komen, heeft de Classis Assen in haar vergadering van 8 Mei j.l. het volgende besluit genomen, dat ze hierbij gaarne onder Uw aandacht brengt, met het vriendelijk verzoek, het op één Uwer eerstkomende vergaderingen in bespreking te nemen.

De classis Assen besluit:

1. Geen verzoek van eenige kerk, een afzonderlijke collecte voor kerkbouw te houden, in te willigen.

2. Deputaten ad Art. 11 K.O. te machtigen, vóór 1 Mei 1948 vier collecten voor kerkbouw in de kerken der Classis aan die kerken te vragen;

3. hen eveneens te machtigen, voor dit doel van de zusterkerken die daartoe in staat zijn te achten, een collecte te vragen;

4. hen op te dragen de opbrengst van al deze collecten apart te administreeren, en op elke vergadering der Clas-